

**Dinsdag 13 Desember**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-10**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1, 8-10 (1933/53- en 1983-vertaling)**

**Sekerheid oor die dinge wat ons hoop; oortuiging van die dinge wat ons nie sien nie**

Jy kan jou lewe baseer óf op dit wat jy sien, op die sigbare werklikhede van elke dag, óf jy kan dit baseer op dit wat jy nie sien nie. As jy deur die geloof lewe, baseer jy jou lewe op dit wat jy NIE sien nie. Dit beteken dat ons as Christene ons lewens baseer op dinge wat ons nog nooit gesien het nie. Nie een van ons het God al gesien nie. Ons het nog nooit vir Jesus Christus of die Heilige Gees of die hemel of die hel gesien nie. Tog baseer ons nie net ons lewens nie, maar ook ons ewige bestemming op daardie dinge wat ons nie gesien het nie.

Dit is die wese van ons geloof. Jy sien nog niks nie, en tog glo jy alles. Die Christelike hoop is nie 'n skoot in die donker nie. Dit is iets wat baie vas en seker is, omdat jy in die onsienlike God glo.

Abraham se lewe illustreer dit baie mooi. Toe God hom roep, gehoorsaam hy en trek hy na die plek wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy doen dit terwyl hy nie weet waar hy sal uitkom nie. En in die beloofde land is hy sy hele lewe lank 'n vreemdeling. Hy volhard geduldig in die geloof en sien uit na die stad met vaste fondamente waarvan God Self die ontwerper en die bouer is.

Soos Abraham geroep is, so word elkeen van God se kinders deur God geroep en die Heilige Gees bring ons tot geloof in Jesus Christus. Dan moet ons met gehoorsaamheid op God se roepstem reageer en afskeid neem van 'n lewe waardeur God nie geëer word nie. Daarmee moet ons volhard as vreemdelinge in hierdie wêreld terwyl ons hoop op die stad wat vaste fondamente het, die nuwe Jerusalem.

*Sing: Psalm 105:1, 5, 23 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*